Die Voortrekkers

INVICTUS

25 November 2020

Beste Staatmakers, Offisiere, Heemraadslede en Jeugvriende

INSKRYWINGS VIR THABA INVICTUS* KAMP: VOLWASSENES

Graag nooi ons u uit na die **Thaba Invictus Kamp** wat plaasvind
9/10 – 16 Januarie 2021.
Alle volwassenes en Brandwagte meld aan 9 Januarie 2021,
I-Kamp, Bittereinders en Padvinders meld aan 10 Januarie 2021.

Thaba Invictus Kamp is ‘n unieke kamp wat volg op die ontwrigting van die Covid-pandemie van 2020. Ons nooi jou om saam met ons te kom kamp, om huistoe te kom waar ons vir mekaar omgee, voordat al die 2021 aktiwiteite weer begin. Thaba Invictus bied vir elke graadgroep een kursus met ‘n unieke kombinasie van spesiale onderskeidingskentekens aan, sodat diegene wat baie graag ‘n kursus in 2020 wou meemaak, nou die geleentheid kan kry.

INSKRYWINGSINLIGTING en **BELANGRIKE INLIGTING** word hier onder verskaf. Lees asseblief beide noukeurig deur. Ons nooi elke Thabaniet, huidig en toekomstig, hartlik uit, **Kom Thaba toe! Kom huis toe!**

Vriendelike Thaba Groete
Dr Willie Wagner
Kampleier ns Thaba Kampbestuur

*Latyn *Invictus*: Onoorwonne

kampleier@thabakamp.co.za
administrasie@thabakamp
thabakamp.co.za
https://www.facebook.com/ThabaKamp

GELOOF
RESPEK
INTEGRITEIT
TROTS

INSKRYWINGSINLIGTING (THABA INVICTUS)		
BELANGRIK! **ALLE GRAAD VERWYSING IS NA GRADE SOOS IN 2020**		
1.	**KAMPDATUMS EN AANMELDTYE**	1. **AANMELDING: Alle Volwassenes** en **Brandwagte** (Gr 10), **10:00** op Saterdag, **9 Januarie 2021.** 2. **AANMELDING: I-Kamp** (Gr 7), **Bittereinders** (Gr 8 en 9) **en Padvinders** (Gr 11) **10:00** op Sondag, **10 Januarie 2021** 3. **KAMPAFSLUITING**: **13:00** op Saterdag, **16 Januarie 2021**. **I-Kamp** vertrek reeds **16:00** op Dinsdag, **12 Januarie 2021.** 4. Niemand sal toegelaat word om te vertrek voordat die kamp verdaag het nie. In uitsonderlike gevalle kan spesiale reëlings getref word met die kampleier by: kampleier@thabakamp.co.za. 5. Die **eerste ete** wat die kombuis sal voorberei is die **aandete van Saterdag, 9 Januarie 2021**. Enige voorafgaande etes moet self voorsien word.
2	**BAIE BELANGRIK** **VROEË AANMELDING**	1. I-Kamp, Bittereinders en Padvinders **mag slegs op 9 Januarie 2021 aanmeld** as hulle saam met volwassenes of Brandwagte na die kamp toe moet ry. **Slegs ouers of offisiere moet sodanige reëlings teen 3 Januarie 2021 per e-pos met die kampleier tref** (kampleier@thabakamp.co.za). 2. **GEEN** ander Verkenners sal op **9 Januarie 2021** aanvaar word nie.
3.	**INSKRYWINGS**	1. Slegs elektroniese inskrywings word aanvaar. **Om in te skryf, gaan na:** https://inskrywings.voortrekkers.co.za/ of gaan na https://thabakamp.co.za en klik op die “SKRYF IN” knoppie. 2. **Sperdatum** vir inskrywings: **Sondag 20 Desember 2020.**
4.	**KURSUSSE EN KAMPFOOIE**	1. Die lys van kursusse en dienspunte, sowel as kampfooie vir volwassenes kan gevind word in **Bylaag B – Volwassene Kursusse en Dienspunte (Thaba Invictus)** 2. Verkenner kursusse kan gevind word by **Bylaag C – Verkenner Kursusse (Thaba Invictus)**
5.	**BETALING**	1. Betalings moet gemaak word aan Thaba Kamp by: Bank: ABSA Rekening Tipe: Tjekrekening Rekening Nommer: 310157287 Tak: Mall@Reds Takkode: 632 005 (EFTs) of 336 345 (kontant deposito’s)

INSKRYWINGSINLIGTING (THABA INVICTUS)		
BELANGRIK! **ALLE GRAAD VERWYSING IS NA GRADE SOOS IN 2020**		
		Verwysing: **Ingeskrewe persoon se naam en van** en **verwysingsnommer** op bevestigings SMS en e-pos. 2. Navrae insake betalings word gemaak aan die kamptesourier: finansies@thabakamp.co.za. 3. Bewys van betaling moet binne 5 werksdae na inskrywing gestuur word na: finansies@thabakamp.co.za. 4. Slegs na betaling sal bevestiging van aanvaarding van 'n inskrywing aan die Verkenner en ouer of wettige voog gestuur word. Indien so 'n bevestiging nie ontvang is binne 'n week wat die vorm ingedien EN die betaling gemaak is nie, kontak: administrasie@thabakamp.co.za. 5. **As u reeds vir thaba 2020 betaal het en die geld in die kamp se rekening gelos het, sal dit by inskrywing bevestig word en is u geen kampkoste verskuldig nie.**
6.	**ONTTREKKING NA INSKRYWING**	1. **Na 4 Januarie 2021** is alle aankope reeds gedoen en kan **geen kampfooi** met onttrekking **terugbetaal word** nie. 2. Sou 'n Verkenner onttrek, kan 'n ander Verkenner in sy / haar plek kom kamp. Só 'n reëling kan getref word met die kampsekretaresse. 3. Navrae insake onttrekkings word gedoen by die kampsekretaresse by administrasie@thabakamp.co.za.
7.	**INPAKLYS**	1. Elke Thabaniet ontvang 'n **T-hemp.** 2. Die **inpaklys** is binnekort beskikbaar by: http://www.thabakamp.co.za/inpaklys
8.	**TERREIN EN ROETE AANWYSING**	1. Thaba is **80km van Pretoria** af. GPS koördinate van die hek is: 25° 31' 22.47" Suid; 27° 40' 25,61" Oos. 2. Besigtig die terrein by: https://goo.gl/maps/I1Mej 3. Aanwysings na die terrein is soos volg: Ry via Hartbeespoort op die R511 na Brits. Ry deur Brits, sonder om af te draai, met die Thabazimbipad (R511). Volg die pad na Thabazimbi vir ± 11 km. Draai links by die BETHANIE afrit (groot bord wys "Walk with Lions", Ukutula Lodge Lion Park). Volg die pad (sonder om weer af te draai) vir ± 8 km (laaste 3 km is openbare grondpad). Draai links by die Thaba naambord,100m na hoogspanningsdrade oor die pad.
9.	**VERVOER**	**Eie vervoer na en van die kamp**. Dit word ten sterkste aanbeveel dat saamry geleenthede gereël word om hierdie koste tot 'n minimum te beperk.

INSKRYWINGSINLIGTING (THABA INVICTUS)		
BELANGRIK! **ALLE GRAAD VERWYSING IS NA GRADE SOOS IN 2020**		
10.	****BAIE BELANGRIK**** **VERBLYF**	1.**Volwassenes** verskaf hul **eie tente.** 2. Ongetroude lede van die teenoorgestelde geslag, word nie toegelaat om 'n tent te deel nie. 3. Tentbesetting is maksimum 50%, maw slegs 1 persoon in 'n 2-man tent, ens. Volledige gesinne mag egter 'n tent deel . 4. **Verkenners** van wie die ouers op die kamp is, **deel nie tente met ouers nie**, maar **bly saam met hulle mede-kursusgangers of in 'n eie tent**.

BELANGRIKE INLIGTING (THABA INVICTUS)		
BELANGRIK! **ALLE GRAAD VERWYSING IS NA GRADE SOOS IN 2020**		
	****BAIE BELANGRIK**** **COVID MAATREËLS**	1. Jeuglede en volwassenes wat ingeskryf het vir die kamp, word gevra om nie kamp toe te kom indien die jeuglid/volwassene verkoue simptome toon nie. 2. By aankoms sal u gevra word om die voorgeskrewe Covid vrae te beantwoord en temperatuur sal gemeet word. Soos per voorskrif sal risiko gevalle dadelik huistoe gestuur word en nie die kamp bywoon nie. 3. Elke kampganger bring sy/haar eie masker en 'n bottel (minstens 100 ml) handontsmettingsmiddel saam. Indien nodig, sal dit tydens die kamp aangevul word. 4. Die kamp verskaf ook 'n "buff" wat as masker gedra kan word. 5. Normale Covid-maatreëls itv die dra van maskers, sosiale distansieëring en handewas geld.
1.	**SNOEPIE**	Daar sal 'n snoepie tydens die kamp bedryf word waar lekkergoed, koeldrank en aandenkings aangekoop kan word.
2.	**THABA PETTE**	1. **Werkspette word aan die verkennerkursusse (slegs Verkenners) verskaf**. Kyk asseblief op die inpaklys. 2. Thaba se **gekamoefleerde fidelpette** is ons **seremoniële drag, asook Volwassenes se werkspet,** en kan aangekoop word teen **R90.00**.

BELANGRIKE INLIGTING (THABA INVICTUS)		
BELANGRIK! **ALLE GRAAD VERWYSING IS NA GRADE SOOS IN 2020**		
3.	**SIGARETTE, DRANK, DWELMS EN ITEMS VAN SEKSUELE AARD**	1. Die **gebruik of die besit** van **alkoholiese drank en dwelmmiddels (insl dagga)** en items van seksuele aard, soos pornografie, deur **alle kampgangers** is **verbode**. 2. **Offisiere/staatmakers en ander volwassenes rook/e-rook nie** in die **teenwoordigheid/ten aanskoue van jeuglede nie**. **Waterpype** (Hubbly Bubbly) word **nie** op die kamp **toegelaat nie**. 3. 'n Inskrywing vir hierdie kamp impliseer dat **hierdie beleid verstaan en nagevolg sal word** en dat die kampganger **in geval van 'n oortreding / vermoedelike oortreding** sy/haar besittings sal onderwerp aan **deursoeking** deur lede van die kampdagbestuur 4. Indien gevind word dat 'n persoon hierdie beleid oortree, kan die persoon aan die Voortrekkers se dissiplinêre proses onderwerp word.
4.	**SAPD / SANW UNIFORMS**	1. Dit is 'n kriminele oortreding om die huidige SAPD of SANW uniformstukke ongemagtig te besit of te dra (Verdedigingswet No 42/2002, Hoofstuk 17, Artikel 5). Laat asb sulke uniformstukke by die huis. Buitelewe- en klerewinkels het ook "kamoefleerdrag" as jy dit graag wil dra. 2. Indien enige SAPD of SANW uniformstukke deur 'n ongemagtigde persoon gedra word, kan dit deur lede van die SANW (wat die kamp bywoon) gekonfiskeer en aan die Militêre Polisie oorhandig word.
5.	**VRYWARING**	1. Die standaard vrywaring van Die Voortrekkers, vir volwassenes en jeuglede, is van toepassing en deur in te skryf aanvaar die ingeskrewe persoon sodanige vrywaring. 2. Die kampdagbestuur van Thaba Kamp behou die reg om enige inskrywing vir Thaba Kamp 2020 te weier.

BYLAAG A – KAMPBESTUUR THABA INVICTUS

AMP / KURSUS		NAAM EN VAN	KONTAK NR	E-POSADRES
Kampleier		Willie Wagner	082 921 3822	kampleier@thabakamp.co.za
Stafhoof		Jaco van der Walt	072 312 7722	
Kampsekretaresse		Janina Schultz	083 686 8644	administrasie@thabakamp.co.za
Tesourier		Almarie van den berg	072 393 8517	finansies@thabakamp.co.za
Geestelike Raadgewer		Retha Wagner	084 628 1312	
Hoof Veldwagmeester		Jacques Botha	084 505 5733	
Groepleiers	I-Kamp	Daan Lötter	082 338 9055	
	Bittereinders	Willie Randall	072 103 7550	
	Brandwagte	Jenna Fischer	072 726 4269	
	Padvinders	Wim Wagner	082 990 3296	
	Mentorkursus	Nelia Wagner	084 880 3355	
	Raakvatters	Elsa Schnetler	082 707 2010	

BYLAAG B – VOLWASSENE KURSUSSE EN DIENSPUNTE (THABA INVICTUS)

KURSUS / FUNKSIE	FOOI	BESKRYWING
MENTORKURSUS	**R840.00** **R1250.00 (Rigters 2020)**	1. As jy vir die eerste keer as Staatmaker/jong offisier die Rigterskamp bywoon **EN/OF** nog nie die Mentorkursus gedoen het nie, kom doen die **Mentorkursus**, bestaande uit die Intreekursus **EN** Mentorskap **EN** die Kamperingkursus. 2. As jy in 2020 'n Rigter kon wees, word jy tydens die mentorkursus as Rigter ingelyf en saam beleef almal Saatmaker en sommige van die Rigtergroep-aktiwiteite (hoër koste vanweë Rigterklere, ens). 3. **Almal wat die Rigterskamp 2019 geslaag het, sal weer genooi word om as Rigters die Mentorkursus by te woon**
RAAKVATTERKURSUS (KORT) Drie dae op dieselfde tyd as die I-Kamp)	**R500.00**	Die spanhanteringkursus word baie prakties aangebied en is ontwikkel vir nuwe Verkenner spanoffisiere, sowel as ervare offisiere wat meer wil leer oor die aanbieding van vaardighede vir Verkenners in die span. **Van 10:00 op Sondag, 10 Januarie 2021 tot 16:00 op Dinsdag, 12 Januarie 2021.**
RAAKVATTERKURSUS (LANK) (Die hele duur van die kamp)	**R840.00**	Hierdie kursus is die voortsetting van die Raakvatter (Kort) kursus en behels die effektiewe aanbieding en beoefening van algemene veldvaardighede soos kaart en kompas, touwerk, skuilingbou, seremonies en mentorskap. Die kursus is ook ontwikkel vir nuwe Verkenner spanoffisiere, sowel as ervare offisiere wat meer wil leer oor die aanbieding van vaardighede vir Verkenners, veral op kampe.
MENTOR of **INSTRUKTEUR** by 'n kursus (Kyk Bylaag C onder)	**R800.00**	1. 'n **Mentor** is gewoonlik 'n jonger volwassene wat 'n span van sowat 10 Verkenners lei, begelei, fasiliteer en mentor in die aanleer van die kursusvaardighede, mensvaardighede en Thaba se waardestelsel. 2. 'n **Instrukteur** is gewoonlik 'n veldkenner en/of gevestigde volwassene wat as vakspesialiste die kursusleier bystaan in kennis- en vaardigheids-oordrag. 3. 'n Mentor/instrukteur kies gewoonlik die kursus om by in te skakel, maar kan gevra word om by 'n ander kursus diens te doen. Padvinder- en Rigter mentors/instrukteurs word genooi om aan die kursusse deel te neem.
VELDWAGMEESTER	**R635.00**	'n **Veldwagmeester** hou die kamp se infrastruktuur in stand en lewer logistieke steun aan kursusse in die veld.
KOMMUNIKATOR	**R800.00**	'n **Kommunikator** kommunikeer kampaktiwiteite deur middel van foto's videos en "nuusberigte" na alle kampgangers en dra die beeld van die kamp uit na buite deur sosiale media. 'n Kommunikator tree ook op as skakelbeampte vir die kamp.
NOODHELPER	**R800.00**	Die **Noodhelper** ("Medic") is 'n opgeleide mediese/paramediese/ noodmediese persoon wat noodgevalle stabiliseer, sowel as ligte beserings behandel en geringe klagtes hanteer.
SJEF	**R330.00**	'n Sjef berei maaltye voor onder leiding van die kampspysenier. Grootmaat voedselvoorbereiding in 'n goed-toegeruste, semi-primitiewe kombuis lei tot 'n onvergeetlike ervaring.
KLEUTER	**Gratis**	Kinders tot en met Gr R. (ontvang nie 'n t-hemp, maar kan aangekoop word)
LAERSKOOLKIND	**R330.00**	Kinders Gr 1 tot en met Gr 7. (T-hemp ingesluit)

Belangrik!

1. Volwassenes meld aan voor 10:00 op Saterdag 09 Januarie 2021.
2. Bring middagete saam, die eerste ete uit die kombuis is Saterdagaand.

BYLAAG C - VERKENNER KURSUSSE (THABA INVICTUS)

BELANGRIK!

1. ALLE GRAAD VERWYSING IS NA GRADE SOOS IN 2020
2. KURSUSSE IS <u>SLEGS</u> VIR GRADE SOOS AANGEDUI

KURSUS *SO Kenteken 1* *SO Kenteken 2* **<u>Maksimum getal</u>**	**Gr**	**BESKRYWING**
I-KAMP *Radiospraak* **<u>Maksimum 40</u>**	7	**Voordat jy hoërskool toe gaan, behoort jy die I-Kamp* by te woon**, want jy gaan jouself sosiaal, emosioneel, liggaamlik en geestelik leer ken, • jy gaan leer van **gesonde verhoudings** en hoe om die **versoekinge** van drank, dwelms, pornografie, ens te **weerstaan**, • jy gaan besef dat jy **uniek** is en dat jy **sterker** is as boelies en groepsdruk, • jy gaan toegerus word met 'n **uniform en wapens** – verskaf deur **Efesiërs 6** • **Van 10:00 op Sondag, 10 Januarie 2021 tot 16:00 op Dinsdag, 12 Januarie 2021.**
BITTEREINDERS *Veldvernuf* *Boogskiet* **<u>Maksimum 40</u>**	8 9	Hierdie kursus is aangepas om vir jou 'n oorlewingservaring te gee soos min. Jy leer nie net oorlewingsvaardighede nie, jy ervaar dit! Tydens die Invictus Bittereinderkursus leer jy ook om behoorlik met 'n boog te skiet.
BRANDWAGTE *Kampbeveiliging* *Nuwe Veldredding SO* **<u>Maksimum 40</u>**	10	Rampbestuur, soek-en-redding, gebeurlikheidsbeplanning, selfverdediging, makkerhulp – alles deel van die Brandwagte ervaring, wat terselfdertyd 'n noodsaaklike diens aan die kamp lewer. Enig in sy soort, waar rondsit en niksdoen nie bestaan nie… **Brandwagte moet voor 10:00 op Saterdag, 9 Januarie 2021 aanmeld.**
PADVINDERS *Veld Selfbehoud* *Waardes* **<u>Maksimum 40</u>** **(Gr 12 sal in uitsonderlike gevalle toegelaat word)**	11	Thaba se unieke Padvinderkursus help die Verkenner om hom- / haarself te leer ken onder omstandighede waar die ware self na vore kom. Professioneel gefasiliteer deur spesialiste het die Padvinders 'n onvergeetlike leerervaring. Geen liggaamlike of geestelike aftakeling word enigsins toegepas nie. Thaba Padvinders is enig en die beste in sy soort – en nie kinderspeletjies nie!